# Hersien jou omstandighede: Dinge om te oorweeg wanneer jou lewe verander

Wanneer jy ‘n lewensveranderende gebeurtenis beleef, moet jy met jou finansiële adviseur praat en jou finansiële plan opdateer.

## Ek het begin werk

Begin met ‘n spaarplan en maak seker dat jy genoeg risikobeskerming (versekering) het om jou toekomstige inkomste te beskerm. Verstaan die besonderhede van jou maatskappy se pensioenskema as daar een is.

## Ek het van werk verander of is bevorder

Vermeerder jou maandelikse spaargeld met dieselfde persentasie as jou salarisverhoging, eerder as om die ekstra kontant te bestee.

## Ek het my werk verloor

Verstaan wat jou opsies is en of dit nodig is om van jou pensioen te onttrek, asook wat die implikasie vir jou aftrede gaan wees. Stel vas of enige van jou polisse dekking vir aflegging insluit wat jou versekering of beleggingspremies sal beskerm.

## Ek is onlangs getroud

Hersien jou lewensdekking en jou testament. Dit is ook ‘n goeie tyd om jou finansiële prioriteite met jou eggenoot te bespreek, asook wat julle albei hoop om oor die volgende vyf, tien en twintig jaar te bereik.

## Ek het so pas ‘n ouer geword

Neem jou lewensdekking opnuut in oënskou en maak seker dat jy ‘n testament het wat ‘n testamentêre trust insluit. Dit is ook noodsaaklik om ‘n spaarplan te loods vir jou kind se opvoeding.

## Een van die broodwinners het opgehou werk om kinders groot te maak

Hersien jou gesinsbegroting. Maak ook seker dat daar vir die tuisbly-ouer voorsorg getref word vir aftrede en risikobeskerming.

## Ek is pas geskei

Evalueer die uitwerking wat die egskeiding op jou inkomste en jou bates gehad het en pas jou besteding dienooreenkomstig aan. As jy ‘n eenmalige bedrag van jou gewese eggenoot se aftreefonds ontvang, moet jy verseker dat jy ‘n bewaringsfonds aanwend om jou aftreevoordele te beskerm. Bring jou testament op datum.

## Daar was ‘n sterfte in die familie

Jy moet die finansiële uitwerking daarvan op die familie verstaan. Indien jy sterftevoordele ontvang, praat met jou finansiële adviseur oor die beste manier om dit te belê. Hersien jou risikobeskerming en jou testament.

## Ek staan op die punt om af te tree

Begryp jou finansiële posisie en watter veranderinge jy moontlik sal moet aanbring aan jou beleggings en jou risikobeskerming.

*"Liberty Groep is 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 ("FATD") (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg 'n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg 'n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van 'n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang."*